Kontak / Contact: Me. S. Thiart
Verw. / Ref. : 45/1
Adres / Address De Havilland Singel / Crescent No. 6, Persequor Technopark, Pretoria, 0020
Privaatsak / Private Bag X 135, Pretoria, 0001
Reg.no. / Reg. nr.: 1995/005404/08
BTW no. / Vat. nr.: 4300 153 790
Tel: 012-349 1910 / 012 349 1911
Faks / Fax: 012 349 1909
E-pos / E-mail: sthiart@agric.co.za

Besoek ons by / Visit us at:
www.potatoes.co.za

29 Junie 2012

AAN ALLE AARTAPPELMOERKWEKERS EN ANDER ROLSPELERS IN DIE BEDRYF

Die Nasionale Moerekomitee het op 5 Junie 2012 vergader en die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) en die Direksie van Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) het op 6 Junie 2012 onderskeidelik byeengekom. Ek bring graag hiermee die volgende aspekte onder u aandag:

Nasionale Moerekomitee

- Hiermee word u weer eens hartlik uitgenooi na die **Moerkwekersforum** wat op Dinsdag, 7 Augustus 2012 by die Gateway Hotel in Umhlanga in KwaZulu-Natal gehou word. Ons sien uit daarna om u by hierdie belangrike geleentheid op die aartappelmoerkalender te verwelkom. Kom ons probeer om ‘n rekord aantal moerkwekers by die Forum te hê. Die Forum is vanjaar ‘n maand vroeër as gewoonlik; so moenie vergeet om u registrasievorms in te stuur nie. Registrasie sluit op 20 Julie 2012.
- Bayer CropScience gaan die “Moerkweker van die Jaar” by die galadinee aankondig. Baie geluk aan Rob Comrie, Jannie Fourie van Leniesdeel Trust, die Vissers van Platklip Boerdery en Wiku Fouche met hul prestasie as finaliste.
- Moerkwekers word daaraan herinner dat die **identifikasie van behoeftes** ten opsigte van navorsing, onderwerpe vir bespreking tydens die Moerkwekersforum en voorstelle ten opsigte van die spandering van die heffing op aartappelmoere tydens die streeksmoerekomiteevergaderings deurgegee moet word. Ons wil graag u behoeftes aanspreek en kan dit slegs met u hulp doen.
- Met die **verstryking van die planttelersregtetermyn** van ‘n kultivar, mag materiaal slegs ingevoer of deur die amptelike kanale binne die aartappelbedryf gevestig word, nadat die termyn vir die spesifieke kultivar verstryk het.
- Die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifisering-skema het die toets van die tyd deurstaan toe aartappelprodusente landswyd die voorstelle ter die **verbetering van die Skema** as ‘n verandering eerder as ‘n verbetering bestempel het. Die *status quo* ten opsigte van die Skema word dus behou.

29 June 2012

TO ALL SEED POTATO GROWERS AND OTHER ROLE PLAYERS IN THE INDUSTRY

The National Seed Potato Committee convened on 5 June 2012 and the Independent Certification Council for Seed Potatoes (ICCSP) and the Board of Directors of Potato Certification Service (PCS) on 6 June 2012. I herewith wish to bring the following aspects to your attention:

National Seed Potato Committee

- You are herewith once again invited to the **Seed Potato Growers’ Forum** which will be held on Tuesday, 7 August 2012 at the Gateway Hotel, Umhlanga, in KwaZulu-Natal. We look forward to welcoming you at this most prestigious event on the seed potato calendar. Let us try and have a record number of seed potato growers at the Forum. It is one month earlier than usual, so do not forget to send in your registration forms. Registration closes on 20 July 2012.
- Bayer CropScience will announce the **Seed Potato Grower of the Year** at the Gala dinner. We wish to congratulate Rob Comrie, Jannie Fourie from Leniesdeel Trust, the Visser’s from Platklip Boerdery and Wiku Fouche with their excellent achievement as finalists.
- Growers are reminded that the **identification of topics** for research, discussions for the Seed Potato Growers’ Forum and ideas on how to spend the levy on seed potatoes, must be tabled at the regional seed potato committee meetings. We would like to address your needs and can only do so with your help.
- Where **Plant Breeders’ Rights expire**, material may only be imported or established through the official channels available within the potato industry after the date of expiry.
- The **South African Seed Potato Certification Scheme** stood the test of time, when potato growers country wide considered the proposed improvement to the Scheme and deemed it as a change and not necessarily an improvement. The *status quo* will be maintained.

- Die tafelprodusente het versoek dat gesertifiseerde aartappelmoere wat vir ‘n sekere tydperk opgeberg was, **herinspekteer** moet word. Moerkwekers word aanbeveel om hierdie aspek te oorweeg vir moontlike insluiting in die koopooreenkoms. Die herinspeksie van gesertifiseerde aartappelmoere is toelaatbaar binne die Skema.
- Alhoewel die Skema dikteer dat aartappelmoere 25kg by verpakking moet weeg, het die aanduiding van die **knoltelling** ‘n belangrike bemarkings- en bestuursmeganisme geword. Hierdie twee aspekte kan egter nie los staan van mekaar nie. Maak asseblief seker dat die moere voldoen aan dit wat op die etiket aangedui is.

OSRA

- Verskeie aspekte, soos onder andere die monstergrootte en toetsprosedures vir ingevoerde aartappelmateriaal, die plant van sojabone en koolgewasse as deel van die rotasie, die status van bakteriese verwelk, vratjiesiekte en die aksieplan vir goue sist-aalwurm, is na die **Aartappelkwarantynpeskomitee** verwys.
- Die dispensasie vir die **behandeling van silwerskurf/swartspikkel** wat in 1999 toegestaan is, is steeds van krag. Die dispensasie sal herbesoek word voor die Raadsvergadering in November 2012. Dit word net weer onder u aandag gebring dat waar moere behandel is, moet die datum van behandeling, produk gebruik sowel as die dosis waarteen behandel is, op die sak aangebring word.
- Dit is voorgestel dat die Skema gewysig moet word om *Streptomyces scabies* in Tabel 5 na *Streptomyces spp.* te verander, aangesien dit nou bekend geword het dat meer as een spesie bruinskurf veroorsaak. Hierdie wysiging sal ook voorsiening maak vir die bakterieë wat die nuwe siekte, wat as **spleetskurf** bekend staan, veroorsaak. Die huidige toleransies vir *Streptomyces spp.* kan vir beide bruinskurf en spleetskurf gebruik word.

DIREKSIE

- **Gavin Hill** het as Direkteur van Aartappelsertifiseringsdiens bedank en Gerhard Posthumus is as Vise-Voorsitter van die Direksie verkies. Gavin, jy het die aartappelbedryf oor baie jare op verskeie platforms gedien. Jou passie en unieke aanslag gaan ‘n groot leemte laat. Baie dankie vir die onbaatsugtige manier waarop jy van jouself gegee het. Ons wens jou baie seën toe vir die toekoms.

- The table producers requested **re-inspection of certified seed potatoes** which have been stored for a certain period. Seed growers are urged to consider this aspect for the possible inclusion thereof in the purchase agreement. Re-inspection of certified seed potatoes is allowed under the Scheme.
- Although the Scheme only dictates that the weight of seed bags should be 25kg at the date of packing, **tuber count** has become a very important marketing and managing tool to growers. These two aspects cannot be separated. Please ensure that the seed complies with what is stated on the label.

ICCSP

- Several aspects, such as the sample size and testing procedures for imported potato material, the planting of soya beans and cabbage as part of the rotation, the status of bacterial wilt, wart disease and an action plan for potato cyst nematode, have been referred to the **Potato Quarantine Pest Committee**.
- The **dispensation to treat for silver scurf/black dot,** which was granted in 1999, still applies. The dispensation will be revisited before the Council meeting in November. Seed growers are reminded that where seed is treated, it should be labelled indicating the date of treatment, product treated with as well as the dosage.
- It is proposed that the Scheme be amended to change *Streptomyces scabies* in Table 5 to *Streptomyces spp.* as it is now known that more than one species cause common scab. This amendment will make provision for the causal bacteria of the new disease known as **fissure scab** as well. The current tolerances for *Streptomyces spp.* can be applied for common scab as well as fissure scab.

BOARD OF DIRECTORS

- **Gavin Hill** resigned as Director of Potato Certification Service and Gerhard Posthumus was elected in his place as Vice Chairman of the Board. Gavin, you served the seed potato industry for many years on various platforms. You had a passion and a unique approach which will surely leave a huge gap. We thank you for the unselfish giving of yourself and wish you many blessings in future.

- Die Direksie het verdienste van rente op die bestaande **leningsrekenings** goedgekeur. Reserwefondse kan in die toekoms oorgeplaas word in die leningsrekenings van die kwekers wat geregistreer het en dit kan ook rente verdien. Moerkwekers wat opgehou het om moere te produseer kan versoek om hul lenings te onttrek nadat hulle vir 4 jaar nie moeraanplantings geregistreer het nie.
- Gelukwense aan die volgende **sertifiserings-beamptes** wat ten volle gekwalifiseer het op alle aspekte van sertifisering: Jaco Botes, André Wessels en Marius Uys. Knapgedaan! Ons wens julle alles van die beste toe met julle nuwe uitdagings.
- Ons sê **totsiens** aan Pierre van der Westhuizen en wens vir Wessel Stapelberg geluk met sy aanstelling as Streeksbestuurder van die Sandveld-, Ceres- en Suid-Kaap-streke. Ons wens jou voorspoed toe met jou nuwe verantwoordelikhede.
- Clive Trent word bedank vir die baie jare wat hy as **maatskappysekretaris** opgetree het. Clive het ‘n ongeëwenaarde talent as dit by die skryf van notules kom. Jy sal verseker gemis word. Yolanda Louw neem hierdie rol by Clive oor en ons wens haar alles van die beste toe met hierdie verantwoordelike taak.
- Die Direksie nooi alle moerkwekers uit na die **Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy** wat op 14 November 2012 in Pretoria gehou sal word. Geliewe asseblief u voorneme om hierdie vergadering by te woon op skrif aan Amelia Hooneberg-Smit deur te stuur na e-posadres: ahsmit@agric.co.za, ten einde die nodige voorbereidings te tref.

ALGEMEEN

Soos u seker reeds bewus is, het Mnr Mark du Plessis, Hoofuitvoerende Beampte van Aartappels Suid-Afrika bedank en is hy as Hoofbestuurder: Handel by GWK in Douglas aangestel. Mark, ons vertrou dat jy baie gelukkig in jou nuwe posisie gaan wees.

Die eerste deel van die jaar was op verskeie fronte ‘n baie groot uitdaging. Ek vertrou egter van harte dat ons saam, as rolspelers in die aartappelbedryf, na mekaar sal luister, behoeftes sal aanspreek en sal voortgaan in ons strewe om hoë gehalte plantmateriaal aan die aartappelbedryf in Suid-Afrika te voorsien.

Vriendelike groete

- The Board approved the accrual of interest on the current **loan accounts**. Reserves could in future be transferred to the loan accounts of growers and bear interest. Growers who stopped growing seed potatoes can request to have their loans back after not registering seed potato plantings for four years.
- Congratulations to the following **certification officials** who fully qualified on all aspects of certification: Jaco Botes, André Wessels and Marius Uys. Well done! We wish you all the best with your new challenges.
- We bid **farewell** to Pierre van der Westhuizen and congratulate Wessel Stapelberg on his appointment as Regional Manager for the Sandveld-, Ceres- and Southern Cape regions. We wish you success with your new responsibilities.
- Clive Trent is thanked for the many years in which he served as **company secretary**. Clive had a special gift when it comes to the writing of minutes. You will surely be missed. Yolanda Louw will take over from Clive and we wish her all the best with this responsible task.
- The Board invites all seed potato growers to the **Annual General Meeting of the Company** to be held in Pretoria on 14 November 2012. Please confirm your attendance in writing to Amelia Hooneberg-Smit at e-mail: ahsmit@agric.co.za in order to prepare for you.

GENERAL

As you are aware, Mr Mark du Plessis, CEO of Potatoes South Africa, has resigned and has been appointed as the General Manager: Retail at GWK in Douglas. Mark, may you be very happy in your new position.

The first part of the year was very challenging on several fronts and I sincerely hope that together, as role players in the potato industry, we will be able to listen to each other, address the needs and continue to strive to supply high quality planting material to the potato industry in South Africa.

Kind regards

_____

SANETTE THIART
BESTURENDE DIREKTEUR: ASD
MANAGING DIRECTOR: PCS